Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

LLM Seksuele en Reproduktiewe Regte in Afrika (Gedoseer) (04252019)

Duur van studie	2 jaar		
Totale krediete	200		
Kontak	Prof FJ Viljoen	frans.viljoen@up.ac.za	+27 (0)124203228
	Prof CG Ngwena	charles.ngwena@up.ac.za	+27 (0)514367357

Programinligting

Sluitingsdatum vir aansoeke: SA aansoekers - 30 November; nie-SA aansoekers - 31 Augustus.

Hierdie program is beskikbaar vir internasionale studente.

Duur

Die duur van die graadprogram is normaalweg vier semesters (2 jaar) met dien verstande dat die graad wel in twee semesters (1 jaar) voltooi kan word mits aan al die vereistes vir die voltooiing van die graad voldoen is, onderhewig daaraan dat die volle voorgeskrewe klasgelde vir die LLM-graad betaal is. Programme mag ook spesifiek vir een jaar studie gestruktureer word. Die een- of tweejaarperiode mag slegs deur die Nagraadse Komitee verleng word op aanbeveling van die Departementshoof, en indien goeie rede aangetoon word en dit duidelik is dat die student binne 'n verdere jaar van studie die program sou kon voltooi.

Behalwe as anders aangedui, word die leergang normaalweg as volg saamgestel:

- Drie modules wat elk 30 krediete tel (ten minste een van die modules moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Module in Navorsingsmetodologie (RHP 801) wat 5 krediete tel (hierdie module moet gedurende die eerste jaar van registrasie voltooi word).
- 'n Navorsingsvoorstel (RHP 803) wat 5 krediete tel. Die student moet die navorsingsvoorstel (RHP 803) nie later nie as die einde van die eerste semester van die tweede jaar van registrasie vir die LLM-graad, en voor met die skryf van die miniverhandeling begin word, by die studieleier indien. Sodanige tydperk kan met die goedkeuring van die betrokke departementshoof verleng word.
- 'n Miniverhandeling word vereis. Die eksamenkopie van die miniverhandeling moet nie later nie as einde Oktober vir die Herfspromosieplegtigheid, einde April vir die Lentepromosieplegtigheid en einde Augustus vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Na goedkeuring van die eksamenkopie van die miniverhandeling moet die finale weergawe op of voor 15 Februarie vir die Herfspromosieplegtigheid,15 Julie vir die Lentepromosieplegtigheid en 15 November vir die Desemberpromosieplegtigheid by Studenteadministrasie ingedien word. Sodanige miniverhandeling moet handel oor die vakinhoud van een van die modules of 'n kombinasie van die modules waarvoor die student vir sy/haar LLM-graad geregistreer is. Enige versoek vir 'n verlenging van die tydperk vir indiening van die miniverhandeling mag net deur die Nagraadse Komitee op aanbeveling van die betrokke departementshoof toegestaan word.

Toelatingsvereistes

’n LLB, BProc of gelykwaardige kwalifikasie van ’n buitelandse universiteit, wat toelating tot die regsprofessie verleen.

Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Addisionele vereistes

Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

General admission requirements

In addition to an LLB, BProc or equivalent qualification from a foreign university that allows the applicant entrance to the formal legal profession, the following requirements are set for admission of a prospective student to the LLM Coursework programme:

A minimum average mark of 65% with respect to the prescribed final-year modules of the undergraduate programme is required for admission to an LLM coursework programme.

Where an average of below 65% is achieved, the student may be admitted on recommendation of the relevant head of department after consultation with the programme coordinator and consideration of other merits (eg relevant professional experience; the applicant’s performance in undergraduate modules related to the particular LLM; the candidate’s performance in independent research essays or similar components) and/or an admission examination.

Linguistic competence, primarily in English; foreign applicants who did not complete undergraduate studies through the medium of English must show proof of competence in English at a minimum average level of 6 out of 10 for IELTS or a minimum total score of 83 in TOEFL calculated as follows: reading 21, listening 17, speaking 23 and writing 22. In any other instance where there is doubt as to the English linguistic competence of an applicant, the Dean may require the same proof as prescribed for foreign applicants.

Foreign qualifications are subject to SAQA evaluation. (Some LLM coursework programmes or modules as indicated in the yearbook may only be available to students who hold a relevant South African legal qualification.)

Even though a student may comply with the above requirements, the Dean may, on the recommendation of the head of department presenting a specific degree or module, refuse to accept a prospective student for any LLM programme if such a student's performance in the chosen modules or field of study during undergraduate study was not satisfactory. Alternatively, the Dean could set additional requirements with a view to admission

An admission examination may also be required in respect of a particular programme or module.

Particular LLM programmes have additional selection criteria and deadlines specific to those programmes

Ander programspesifieke inligting

1. Hierdie program word aangebied as ’n deeltydse, afstandsonderrigprogram, met ’n bloksessie (30 kontakure) van 1 week per module.
2. Die miniverhandeling moet 18 000-20 000 woorde beslaan – voetnote ingesluit maar die inhoudsopgawe en bibliografie uitgesluit.

3. Die volgende is die kernmodules vir hierdie graad, maar nie al die modules word elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die fakulteit om uit te vind watter van die modules aangebied word.

HRA 802 Internasionale reg insake menseregte wat betrekking het op seksuele en reproduktiewe regte in Afrika (20 krediete)

HRA 803 Toepassing van menseregtebeginsels om aansprake op seksuele en reproduktiewe gesondheidsregte te verwesenlik (20 krediete)

HRA 804 Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde reproduktiewe gesondheidskwessies in Afrika (20 krediete)

HRA 805 Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde seksuele regte en seksualiteitskwessies in Afrika (20 krediete)

HRA 806 Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde regte van seksuele minderhede in Afrika (20 krediete)

HRA 807 Navorsing en voorspraak ten einde aansprake op seksuele regte, reproduktiewe gesondheidsregte en die regte van seksuele minderhede in Afrika te verwesenlik (15 krediete)

Eksamens en slaagvereistes

Behalwe met goedkeuring van die Nagraadse Komitee word geen student toegelaat om sy/haar studies voort te sit in die geval waar geen modules tydens 'n spesifieke jaar van registrasie geslaag is nie.

Hoewel geen hereksamen met betrekking tot LLM-modules toegestaan word nie, geld die Algemene Regulasies (Regulasie G.12.3 en G.12.6) met betrekking tot spesiale en aanvullende eksamens.

Navorsing

Die betrokke departementshoof moet 'n studieleier en onderwerp vir 'n mini-verhandeling aanbeveel vir goedkeuring deur die Nagraadse Komitee. Die mini-verhandeling moet geassesseer en afgehandel word soos vervat in die LLM Beleidsdokument van die Fakulteit soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

Waar 'n miniverhandeling vereis word, moet dit ingedien word in die formaat soos deur die studieleier bepaal en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur. Die studieleier mag insgelyks en onderhewig aan die goedkeuring van die Nagraadse Komitee die navorsingsonderwerp en die bestek van die beoogde navorsing bepaal.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet 'n student 'n gemiddelde van minstens 75% in al die gedoseerde modules behaal, sowel as 75% vir die miniverhandeling. Die gemiddelde vir die modules moet tydens die eerste eksamenpoging behaal word.

Algemene inligting

Taalbeleid
Die onderrigtaal is Engels, maar waar omstandighede dit toelaat, kan 'n LLM-module in Afrikaans aangebied word. Die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, bepaal die taalbeleid.

Tydperk van inskrywing
Studente moet wanneer die betrokke module 'n aanvang neem, ingeskryf wees en die bepaalde module se

lesings bywoon. Andersins moet die betrokke studieleier en departementshoof se toestemming verkry word, alvorens ’n student toegelaat sal word om ’n bepaalde module in ’n ander studiejaar te doen.

Beperking met betrekking tot aanbieding van modules in ’n spesifieke akademiese jaar en beskikbaarheid van modules vir buitelandse studente

Die Dekaan bepaal jaarliks watter modules die betrokke jaar aangebied sal word met inagneming van die beskikbaarheid van doserende personeel, ruimte- en finansiële implikasies en/of ander omstandighede. Voorts mag die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, die maksimum aantal inskrywings vir 'n bepaalde keusemodule bepaal aan die hand van die voorgeskrewe riglyne bepaal. Die Dekaan mag verder, in oorleg met die betrokke departementshoof, besluit dat 'n LLM-module nie aangebied sal word waar daar op die eerste dag van lesings vier of minder studente vir die module geregistreer is nie.

In die geval van buitelandse studente kan die Dekaan addisionele vereistes stel en die beskikbare modules vir hierdie studente mag ook beperk word.

Vervanging van modules

Die Dekaan mag, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, 'n student toelaat om een voorgeskrewe LLM-module vir 'n bepaalde LLM-program deur 'n ander LLM-module te vervang waar sodanige uitsondering nie andersins toegelaat word nie en indien goeie rede vir sodanige uitsondering aangetoon word.

Erkenning van modules wat aan 'n ander instansie voltooi is

Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke departementshoof 'n student met 'n maksimum van twee modules wat aan 'n ander instelling voltooi is, krediteer mits dit aan die vereistes van hierdie Fakulteit voldoen. Waar sodanige modules nie dieselfde benaming het as modules wat deur hierdie Fakulteit aangebied word nie, kan krediet in die plek daarvan verleen word aan modules met wesenlik dieselfde inhoud soos deur die betrokke departementshoof bepaal, of, in die afwesigheid van sodanige nou-verwante modules, kan krediet verleen word aan modules wat steeds relevant is binne die breë spektrum van 'n spesifieke LLM-graad en onder spesiale kodes vir die doeleindes van sodanige graad. Bykomende vereistes mag gestel word alvorens enige sodanige module erken word ten einde voldoening aan die vereistes van hierdie Fakulteit te verseker.

Erkenning van nie-regskomponente

Ten einde te kwalifiseer vir 'n LLM-graad met nie-regskomponente kan hoogstens een van die modules wat uit verbandhoudende nie-regskomponente bestaan, erken word met spesiale toestemming van die Fakulteitsraad. Neem kennis dat geen erkenning verleen sal word aan modules wat deel vorm van ’n graad waarvoor die student reeds aan die graadvereistes voldoen het, of waar die student gelyktydig vir meerdere grade geregistreer is nie.

Herregistrasie vir modules

'n Student mag nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie. 'n Finale punt van 50% moet behaal word ten einde 'n module te slaag.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 200

Kernmodules

Internas reg ins menseregte wat betr het op seksuele en reproduktiewe regte in Afrika 802 (HRA 802)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module val die klem op die beginsels en prosesse van internasionale reg insake menseregte op internasionale en plaaslike vlak, en die toepaslikheid daarvan op reproduktiewe en seksuele gesondheid en op die situasie van seksuele minderhede, met spesifieke verwysing na Afrika.
Die volgende onderwerpe word behandel:
(a) Geskiedenis, filosofie en ideologie van menseregte, met spesiale verwysing na Afrika
(b) Grondbegrippe van die internasionale en nasionale reg insake menseregte
(c) Die internasionale (VN-) stelsel van menseregtebeskerming: norme,instellings en prosedures en die tersaaklikheid daarvan vir reproduktiewe en seksuele regte
(d) Die stelsel van menseregtebeskerming in Afrika (Afrika-unie): norme, instellings, prosedures en hul tersaaklikheid vir reproduktiewe en seksuele regte (in vergelykende perspektief met verwysing na Europese en inter- Amerikaanse stelsels)
(e) Die werklike en potensiële rol van streeks-ekonomiese gemeenskappe (op substreeksvlak) in Afrika ter beskerming van menseregte in Afrika, met spesiale verwysing na reproduktiewe en seksuele regte
(f) ’n Oorsig van menseregtebeskerming op plaaslike vlak, met besondere verwysing na geselekteerde Afrikastate
(g) Begrip van die rol van internasionale menseregtemeganismes ter beskerming van seksuele minderhede.

Toep v menseregtebeginsels om aansprake op seksuele en reproduk gesondheidsregte te verwesenlik 803 (HRA 803)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud
In hierdie module val die klem op die toepassing van menseregtebeginsels ten aansien van reproduktiewe en seksuele gesondheid met die doel om aansprake op dié regte op plaaslike, streeks- en globale vlak te verwesenlik.
Die volgende onderwerpe word behandel:
(a) Toepassing van menseregte op seksuele en reproduktiewe gesondheid, met inbegrip van die reg op gelykheid, lewe, menswaardigheid en beskerming teen onmenslike en vernederende behandeling, gesondheid, inligting, opvoeding, reproduktiewe selfbeskikking, die beskerming van werkende moeders, vryheid en veiligheid van die mens, en privaatheid.
(b) Ontwikkeling van ’n aanspraak op seksuele en reproduktiewe regte deur die identifisering van ’n skending van reproduktiewe gesondheid, die oorsake
daarvan en die persoon of instansie wat daarvoor verantwoordelik is; die
dokumentering van die beweerde skending; bepaling van toepaslike wette en
die identifisering van menseregtestandaarde om die skending van ’n
reproduktiewe reg vas te stel.
(c) Bevordering van ’n aanspraak op seksuele en reproduktiewe regte op plaaslike vlak met verwysing na die verwesenliking van reproduktiewe regte deur middel van regulerende en dissiplinêre prosedures, geregshowe, alternatiewe dispuutbeslegting, plaaslike menseregte-instellings en ombudspersone.
(d) Bevordering van ’n aanspraak op seksuele en reproduktiewe regte op streeks- en substreeksvlak met verwysing na die verwesenliking van reproduktiewe regte deur middel van Afrika-instellings op streeks- en substreeksvlak.
(e) Bevordering van ’n aanspraak op seksuele en reproduktiewe regte op globale vlak, met besondere verwysing na die verwesenliking van reproduktiewe regte deur middel van agentskappe van die Verenigde Nasies belas met die monitering van verdragsorganisasies.
(f) Kennisverryking deur die studie van vergelykbare streeksmenseregtestelsels, met besondere verwysing na die Europese en inter-Amerikaanse streeksmenseregtestelsels.

Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde reproduktiewe gesondheidskwessies in Afrika 804 (HRA 804)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud
In hierdie module val die klem op die toepassing van menseregtebeginsels op afsonderlike reproduktiewe gesondheidskwessies met die oog daarop om response gegrond op menseregte vir kontemporêre reproduktiewe gesondheidsprobleme in die Afrikastreek te ontwikkel. Onderwerpe wat behandel word, sluit die volgende in: (a) Geboortebeperking (b) Gesinsgeweld (c) Vroulike genitale verminking (d) Onvrugbaarheid en medies ondersteunde reproduksie (e) Moedersterftes (f) Seksuele geweld in tye van konflik (g) Opvoeding mbt seksualiteit en reproduktiewe gesondheid (h) Mensehandel in vroue en kinders (i) Onveilige aborsies

Navorsingsmetodologie vir menseregte 801 (NRM 801)

Modulekrediete	5.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module word gefokus op aspekte van menseregtenavorsing, -bewusmaking, -feitevinding en -onderrig.

Toep van menseregtebeginsels op geselekteerde seksuele regte en seksualiteitskwessies in Afrika 805 (HRA 805)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module val die klem op die toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde kwessies wat verband hou met seksuele en seksualiteitsprobleme in Afrika, met die doel om response gegrond op menseregte op verwante hedendaagse probleme in die Afrikastreek te ontwikkel. Onderwerpe wat behandel word, sluit die volgende in: (a) Oorsig van relevante begrippe (b) Die grondslag van seksuele regte in internasionale menseregte-instrumente (c) Seksuele norme en genderstereotipes (d) Sekswerkers en menseregte (e) Seksuele dwang en misbruik (f) Seksueel oordraagbare infeksies, onder andere MIV, en regte wat verband hou met inligting en voorkoming (g) Die reg op omvattende seksuele opvoeding (h) Skadelike tradisionele gebruike wat seksuele regte skend (i) Die skakel tussen seksuele regte en reproduktiewe gesondheidsregte (j) Strategieë vir voorspraak vir seksuele regte

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 250

Kernmodules

Miniverhandeling 802 (MND 802)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	NRM 801 en RHP 803
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

(a) Die student moet ’n navorsingsvoorstel gedurende die eerste jaar van registrasie ten opsigte van die LLM-graad by sy/haar studieleier inhandig alvorens daar begin kan word met die skryf van die miniverhandeling. (b) ‘n Miniverhandeling (MND 802) moet bestaan uit 18 000 tot 20 000 woorde insluitend die voetnotas maar die inhoudsopgawe en die bibliografie uitgesluit. Die miniverhandeling moet by die promotor ingehandig word nie later nie as Augustus van die tweede jaar van registrasie vir die LLM-graad. Die miniverhandeling moet handel oor die vakinhoud van een of ‘n kombinasie van die LLM-modules waarvoor die student geregistreer is. ’n Versoek ten opsigte van die verlenging van die tydperk vir indiening van die miniverhandeling kan slegs deur die Dekaan verleen word, op aanbeveling van die LLM-komitee.

Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde regte van seksuele minderhede in Afrika 806 (HRA 806)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module val die klem op die toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde kwessies wat seksuele minderhede in Afrika raak, met die oog daarop om response gegrond op menseregte op verwante hedendaagse probleme in die Afrikastreek te ontwikkel. Die volgende onderwerpe word behandel: (a) Ontwikkeling van ’n kritiese begrip van die konsepte ‘seksuele oriëntasie’ ‘genderidentiteit’, ‘homoseksueel’, ‘biseksueel’, ‘gay’, ‘lesbies’, ‘transgender’, ‘interseks’, seksuele minderheid’, ‘heteroseksualiteit’ en (in Engels:)‘queer’’ (b) Begrip van die teorieë oor die sielkunde, biologie en sosiobiologie van homoseksualiteit (c) Ondersoek van die globale geskiedenis van homoseksualiteit, veral in die ‘Weste’ (die VSA en Brittanje), en die invloed daarvan op Afrika (d) Ondersoek van die evolusie van homoseksualiteit en die samelewing in Afrika, met inbegrip van ’n antropologiese oorsig van homoseksualiteit in tradisionele Afrika-gemeenskappe en in koloniale en postkoloniale Afrika (e) Begrip van die aard van die skendings van regte van ‘seksuele minderhede’ in die besonder deur owerhede en nie-owerheidsagentskappe in Afrika (waaronder skendings van die reg op gesondheid; diskriminasie gegrond op werklike of vermeende seksuele oriëntasie, genderidentiteit en MIV-status; seksuele en ander vorms van geweld; skendings van die reg op privaatheid; stigmatisering en die gevolge daarvan) (f) Begrip van die redes vir die skending van regte en homofobie in Afrika deur die rol van kultuur/tradisie, godsdiens en meerderheidsoorheersing te ondersoek (g) Oorweging van die rol van openbare beleid deur te fokus op die behoefte aan en moontlikheid vir regshervorming, en strategieë om gemeenskappe bewus te maak van die regte van seksuele minderhede en om homofobiese houdings te verander

Nav en voorspr om aanspr op seksuele, repr ges- en seksuele minderheidsregte in Afrika te verw 807 (HRA 807)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	30 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module is daarop gerig om studente toe te rus met die vaardighede om navorsing te doen oor en voorspraak te maak vir seksuele en reproduktiewe gesondheidskwessies, ten einde hierdie regte en die regte van seksuele minderhede in Afrika te verwesenlik.
Onderwerpe wat behandel word, sluit die volgende in:
(a) Omskrywing van menseregteskendings
(b) Ontleding van die grondoorsake van die skending van menseregte
(c) Navorsingsmetodes in die sosiale wetenskappe
(d) Ondersoek van feite en insameling van bewysmateriaal
(e) Onderhoudvoering
(f) Strategiese denke en die ontwikkeling van strategiese vennootskappe
(g) Gevorderde regsberedenering en regskryfwyse
(h) Strategiese impaklitigasie
(i) Onderhandeling en bemiddeling
(j) Mediavoorspraak
(k) Betrekking van die owerheid en ander belanghebbendes
(l) 'n Praktiese oefening as simulasie van werklike ingryping om stigma te versag en die bewuswording en aanvaarding van die regte van LGBTI-gemeenskappe te versterk teen die agtergrond van die land waarin die studente hul bevind.

Navorsingsvoorstel 803 (RHP 803)

Modulekrediete	5.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Regsgeleerdheid Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Ontwikkeling en voordrag van ’n navorsingsvoorstel. (’n Navorsingsvoorstel moet in die eerste semester van die tweede studiejaar by die studieleier ingedien en aanvaar word alvorens die student toegelaat sal word om vir die miniverhandeling te registreer.)

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.